

### Die Woord het vlees geword

Wanneer ons lees dat die Woord “vlees” geword het (Joh 1:14) dink ons gewoonlik aan Jesus se weg van vernedering. Die Woord wat by God was en self God is, het vlees geword. Wat ’n geweldige “afstand” is hier afgelê! Hier begin die vernedering van die Seun van God wat Paulus poëties beskryf as gehoorsaamheid tot in die dood aan die kruis (Fil 2:6-8).

Dit is inderdaad die evangelie. Maar daar sit ook ’n ander aksent in die woorde oor die vleeswording. Dit kan ook gelees word as ’n juigkreet: “Die Woord het vlees geword!” Die léwe is gered! Hy het waarlik Mens geword en sy léwe is ook in my plek.

Die Bybel sê ons lewens is tot in die wortel aangetas deur die sonde, maar die vleeswording beteken dat ons lewens tot in die kern, van die begin af, gered word. As ons soms oorweldig word deur ons sondigheid en ons verlede haal ons in, mag ons ook uit dié troos lewe.

Job het sy geboortedag vervloek en Elia het, daar onder die besembos, gewens hy gaan dood. Maar ons hoef nooit só oor ons lewens te voel nie. Jesus Christus het vir ons van die begin af ingestaan. Hy het ons hele lewe heelgemaak. Ons kan met dankbaarheid en vreugde ons verjaarsdae vier!

*Sing: Skrifbeyrming 4-8:1, 2*

*Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*

~~~~~